# DIENSHANDVES

Ons is die **Departement van Plaaslike Regering** wat deur die Grondwet belas word met die verantwoordelikheid om munisipaliteite te ontwikkel en effektief te bestuur om sodoende geïntegreerde, volhoubare en bemagtigde gemeenskappe te skep.

## ONS VERBINTENIS

**ONS IS VERBIND TOT 'N BURGERGESENTREERDE EN KLIËNTE-TEVREDENHEID BENADERING IN:**

- Die kapasitering van munisipaliteite om gehalte dienste aan gemeenskappe te lewer;
- Die versekering daarvan dat munisipale planne nasionale, provinsiale en plaaslike prioriteite en hulpbronne weerspieël deur gesonde interregeringsverhoudinge;
- Die fasilitering van dienslewering deur gesonde administrasie en die betrokkenheid van alle regeringsfere en maatskaplike vennote, en;
- Ons strewe daarna om die eerste aangaanplek te wees waar munisipaliteite advies en ondersteuning kan verkry.

In die uitvoering van ons mandaat en verantwoordelikhede, word ons gelei deur die ag BATHO PELE ("Mense Eerste")-beginsels. Ons is toegewyd tot die voorsiening van dienste as manifestasie van ons waardes van Sorg, Bevoegdheid,Verantwoordbaarheid, Integriteit en Responsiwiteit om u regte te beskerm en te bevorder en geleenthede om diensleweringsuitkomste te bewerkstellig, uit te brei, Beter Tesame.

Ons prestasie word geassesseer en daaroor word verslag gelewer in ons jaarverslag en die Verslag vir Burgers wat gepubliseer en op ons webtuiste geplaas word.

## Ons Dienste en Standaarde

Ons raadpleeg 'n wye verskeidenheid van individue om sodoende te verseker dat ons inligting uit 'n spektrum van sienings integreer om ons prioriteite te definieer wanneer ons ons beleidsrigting bepaal

### Wetgewende Verantwoordelikhede

- Streef na die hoogste wetenskaplike en etiese standaarde;
- Streef daarna om ons uitkomste en waarde deur strategiese samewerking te verbeter;
- Voorsien hoë gehalte, tydige en omvattende advies aan die Minister; en
- Doen navorsing ten einde ons in staat te stel om tegnologie deur toepaslike meganismes aan gebruikers van AIMS (African Institute for Mathematical Sciences) oor te dra.

### Kliënte se Regte

**U IS DAAROP GEREGTIG OM:**

- Die mees onlangse, akkurate inligting wat tot ons beskikking is, met in ag neming van die perke wat gestel word deur vertroulikheid en privaatheid, te ontvang.
- So volledig en presies as wat prakties moontlik is wat betref die uitvoering van u versoek beantwoord te word.

### Administratiewe Proses

- Beantwoord telefoonoproepe stiptelik gedurende gewone werksure (07:30 – 16:00) en gee die naam van die persoon wat praat en/of die gebied waarmee u in verbinding getree het;
- Indien ons nie onmiddellik u telefoniese navraag kan beantwoord nie sal ons u kontakbesonderhede aanteken en binne 3 werksdae op u navraag reageer.
- Reageer binne 10 werksdae vanaf ontvangs op versoeke vir bestaande gedrukte inligting, naslaanmateriaal of publikasies;
- Beantwoord korrespondensie (brief, faks of e-pos) binne 20 werksdae vanaf ontvangs of, indien ons nie binne daardie tyd kan antwoord nie, erken ontvangs van die korrespondensie en gee 'n aanduiding van wanneer u 'n antwoord kan verwag. Verwys u na die toepaslike organisasie indien die aangeleentheid buite ons spesialisgebied val

### Kliënte Verpligtinge

**ONS VERWAG VAN U OM:**

- U navrae aan ons op skrif te stel;
- Ons asseblief te voorsien van genoegsame en akkurate inligting sodat ons u versoek kan verstaan en toepaslik kan reageer;
- Te erken dat ons beperkte hulpbronne, 'n wye reeks kliënte en ooreengekome prioriteite met die regering het;
- Ons personeel hoflik te behandel; en terugvoering en kommentaar te lewer op die diens wat ons bied

## KERN-DIENSTE

### Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning

Versekerr die gehalte van GOP om uitvoering te gee aan dienslewering. Versterk interregeringsbeplanning en -begroting deur die ontwikkeling van GOP as die enkele koördineringsplan van die regering, regeringsfere.

### Integrering van Dienslewering

Verseker volhoubare funksionering van Thusong-program (Thusong-sentrums, Thusong-sones, Thusong Mobiele Eenhede en Thusong-uitbreiding). Ondersteun samewerkende regering tussen die drie regeringsfere.

### Gemeenskapsontwikkeling Werkerprogram

Voorsien gemeenskappe van inligting om toegang te verkry tot regeringsdienste. Fasiliteer gemeenskapstoegang tot sosio-ekonomiese geleenthede.

### Munisipale Bestuur

Ontwikkel wetgewing wat voorsiening maak vir die behoeftes van munisipaliteite. Ondersteun munisipaliteite wat wetgewing nakom. Bevorder goeie bestuur in munisipaliteite.

### Rampbestuur

Help staatsdepartemente en munisipaliteite om die gevolge van rampe te voorkom of te verlig. Pro-aktief voor te berei en te reageer wanneer rampe plaasvind.

### Munisipale Ondersteuning en Kapasiteitsbou

Lewer raadgewende steundienste aan munisipaliteite. Bied ondersteuning aan munisipaliteite met menslike hulpbron kapasiteit. Ondersteun munisipaliteite met die implementering van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting Wet (MPRA).

### Openbare Deelname

Openbare deelname te versterk deur doeltreffende kommunikasie tussen munisipaliteite en gemeenskappe. Ondersteun wykskomitees om doeltreffend te funksioneer.effectively.

### Munisipale Infrastruktuur

Ondersteun en monitor munisipaliteite tydens die implementering van MIG gefinansierde projekte. Ondersteun munisipaliteite deur die verskaffing van moontlike oplossings vir Grootskaalse infrastruktuur.

### Gespesialiseerde Ondersteuning

Bestuur intervensies by munisipaliteite wat ernstige regeringsprobleme ervaar.governance issues.

### Monitering van Munisipale Prestasie

Monitor en evalueer munisipale prestasie. performance.


**Ministerie van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning**
Dorpstraat 1, Kaapstad, 8000 • Privaatsak X9186, Kaapstad, 8000
Telefoon: 021 483 3915 • Faks: 021 483 6081

**Die Departementshoof: Plaaslike Regering,**
9de Vloer, Waldorf Gebou, St. Georges 80, wandellaan, Kaapstad, 8000 • Privaatsak X9076, Kaapstad, 8000 • Telefoon: 021 483 4049
Hod.lg@westerncape.gov.za • Webtuiste: www.westerncape.gov.za


Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

**Verklaring van Uitvoerende Gesag:**

Ek, Anton Bredell, verbind die Departement van Plaaslike Regering ingevolge Deel III, C2 van die Staatsdiensregulasies, 2001, soos gewysig, daartoe om by hierdie handves te hou.

9/3/2023

Minister van Plaaslike Regering Omgewingsake en Ontwikkelings Beplanning: Anton Bredell